

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 90

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

KERSFEES

'N MENS SOOS ONS...

Hemel op aarde

Kersfees beteken:

dat die hemel op aarde neerdaal,

dat 'n stukkie van hierdie donker aarde in hemelse lig gedoop word,

dat in die hemel 'n venster gebreek word.

Deur daardie venster val die ligglans van God se genade in 'n breë baan op hierdie aarde.

God word 'n mens... soos ons.

Ver terug

Sy pad lê ver terug in die verlede.

Toe daardie droewige en hartverskeurende gebeurtenis van die sondeval plaasgevind het, toe al het God 'n venster begin breek in die hemel — die belofte van 'n Seun gegee.

As die volk Israel hulle moeisaam voortsleep deur die woestyn, dan dra hulle Betlehem in hulle boesem.

As die profete sing van Hom wat sou kom, dan sien hulle die ligvelde van Betlehem.

As die engele juig oor Sy geboorte, dan sien hulle 'n ligstraal wat hierdie aarde deurkronkel.

Toe die engele sing van hierdie lig, het God se tyd volgeloop. Dit was dié oomblik van alle oomblikke. God het die toneel reggeskuif.

Toe neergedaal... om 'n mens te word soos ons.

Hy daal neer deur die venster in die hemel by Betlehem.

Geheimenis

Jy en ek sal dit nooit verstaan nie.

'n Mens soos ons — en tog sonder sonde deur die poort van Betlehem.

'n Mens soos ons — en tog God.

Die lig wat deur die venster uit die hemel val, is gehul in 'n geheimenis.

Gebrokenheid

'n Mens soos ons...

Hy moes indaal in ons gebrokenheid.

Saam moes Hy dra aan die wêreldwee van die paradys af:

Siekte.

Lyde.

Smarte.

Sondeverskeurdheid.

Wie anders kon dit só doen soos Hy... 'n Mens soos ons?

By die graf van 'n vriend het Hy geweene, 'n verskopte vrou het Sy mededoë opgewek.

Om 'n verloënaar-dissipel slaan Hy sy arms en verseker hom van vergewing.

Sy wonders, Sy genesings verseker ons dat hierdie sondegebrokenheid straks geheel en dat die dood verpletter sal word.

Só dra Hy die lig wat deur die hemelvenster op Betlehem val... steeds verder voort.

Ook vir jou

Christus wil jou ook binnetrek in daardie ligkring van tweeduisend jaar gelede.

Ook met hierdie Kersfees deel Hy sy skatte uit.

Die lig van Betlehem in jou donkerheid.

Die rykdom van Betlehem in jou armoede.

Oorvloed brood in jou hongersnood.

Krag in jou swakheid.

Nuwe lewe in die plek van 'n versukkelde bestaan.

Volheid in die plek van leegheid.

Hy nooi en Hy roep **jou**.

Kyk — die venster in die hemel bokant Betlehem — die breë ligstraal van genade:

Uitnodigend.

Koesterend.

Lokkend.

Deur daardie venster daal Hy hierdie wêreld binne:

God uit God.

Lig uit Lig.

Maar ook:

'n Mens soos ons...

Kersfees en elke dag bring daardie Lig om jou ook te koester in God se genade.

Elke dag!

Ook Kersfees!

C. J. H. Venter.

DESEMBERMAAND...

VAKANSIETYD

BESOEKTYD

Dit is vakansie!

Die skole sluit, die fabrieksdeure word gegrendel, die ambagsman pak sy gereedskap weg. 'n Droom word waar. Nou pak ons haastig ons goedjies in, haak die karavaan of sleepwa aan die motor, reël die laaste paar sakies, sodat die kat en die hond versorg kan wees. Daar trek ons... 'n onbesorgde vakansietyd begin. Daar wag 'n welverdiende rustydjie! Ons gaan nuwe plekke besoek of langs bekende weë kuier... heerlike vakansietyd!

Besoektyd

Dit is nou weer 'n woord om te gebruik: besoektyd? Geen deftige formele besoek vir my nie. Nee, ek gaan sommer net vakansie hou. Net rus en ontspan... en my gate uit geniet!

Nee wag, ek moet tog 'n paar besoekies inkry. Ek moet 'n paar vriende gaan opsoek! My koester in die warmte van hul vriendskap en gasvryheid. Ja, dit sal tog lekker wees om 'n paar besoeke te bring...

Juis omdat dit dié tyd van die jaar is wat hom uitmuntend leen om besoeke af te lê. Kerstyd is 'n tyd van weldoen, familiesaamtrekke en van uitbundige jolyt... 'n lekker tyd!

Besin voor u begin

Wag 'n bietjie voordat u met vakansie vertrek! Op die paaie skuil die dood en by die vakansieoorde miskien teëspoed. So maklik kan in die plek van besoek aflê (besoek in die goeie sin van die woord) die teendeel ervaar word, naamlik om besoek te word (in die slegte sin van die woord).

Die mens is sonder die Here God niks en sonder sy seën en bewaring kan 'n vakansietyd alles behalwe 'n rustydjie word!

Die ware besoek

Ag dit louter vreugde as u bewus word van die **Hoë** Besoek wat by u afgelê word, want die Here wil u besoek. Trouens, Hy openbaar Hom in sy handeling! Hy soek elke mens op. Hy besoek sy volk... die wat naby aan Hom lewe. Hy besoek selfs dié wat ver van Hom af staan. Wat 'n rykdom van ontferming behels hierdie besoeke nie? Dawid, vol verwondering oor die implikasie hiervan, vra in Ps. 8: "Wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?"

Hoe tasbaar word dié besoek nie in die Kerstyd nie? Kersdag herinner ons aan "die innige barmhartigheid van onse God waarmee die opgaande Lig uit die hoogte ons besoek het." (Luk. 1:78). Jesus is hierdie opgaande Lig wat uit die hemele ons besoek het, om die liefde van God aan 'n wêreld wat verlore gaan, te betuig, sodat dié wat in Hom glo, gered kan word.

Hieronder is Desembermaand as vakansietyd en besoektyd leeg en rusteloos en 'n gejaag na wind. Die skoonste verwagtinge stort in duie en dit sink weg in die nietigheid... in die vergetelheid, saam met die ou jaar.

Wil u dit nie probeer nie? Maak hierdie Desember-vakansie uniek, volg die pad wat die

Woord van God aandui: begin die vakansie reg... begin dit met 'n gebed:

"Dink aan my, o Here, na die welbehae in u volk, **besoek** my met U heil, dat ek kan aanskou die geluk van u uitverkorenes, dat ek bly kan wees in die blydschap van u volk, my kan beroem met u erfdeel." (Ps. 106:4, 5).

M.W.

EET, DRINK en VROLIK WEES!

Môre begrafnis

Quo Vadis beteken: Waar gaan jy heen?

Dis 'n vraag waarop elke mens moet antwoord: waarheen mik jy?

Het jy ook al jouself betrap dat jy sê: die lewe is sinloos, doelloos, uitsigloos en die lewe is soos 'n poppespel waar die onbekende en die noodlot of die onberekenbare faktor die toutjies trek. Daar is geen patroon nie en alles lyk na so 'n warboel. Wat is die sin van die lewe tog? Môre sterf ek of, so nie, oormôre!

Dan dink jy by jouself: ek is soos 'n flenter papier wat deur dwarrelwinde heen en weer gewaai word op die markplein van hierdie wêreld totdat ek uiteindelik êrens in 'n sloot te lande kom.

'n Ryke verskeidenheid

Daar was 'n man wat ook geredeneer het soos jy. Hy het, voordat hy begin om 'n saak aan te pak, al moed opgegee met 'n sug van frustrasie en wanhoop: "Ag, wat help dit alles tog om iets te probeer doen? En buitendien is my vermoëns so min. Ek het maar een talent ontvang. Die lewe is bedoel vir die groot geleerdes, die genieë en vir die sterkes, maar ek pas nêrens in nie en niemand sal my bydrae mis nie."

Wil jy meer van die man lees? Lees dan Matteus 25 vers 14-30. Daar lees jy dat God, die Gewer, talente uitdeel soos Hy wil. In sy koninkryk is alles nie maar 'n strakke, kleurlose eendersheid nie, maar 'n ryke verskeidenheid en veelkleurigheid. Die een het vyf, die ander twee en 'n derde het een talent ontvang.

En toe die dag van afrekening kom, is die man met die een talent hard gestraf. Maar moenie die fout maak om te dink dat hy gestraf is oor sy **aantal** talente nie. Hy is gestraf oor wat hy me die een talent gedoen het, of liever, wat hy **nie** daarmee gedoen het nie.

Die man het wel vooruit gedink en gemeen as die dag van afrekening kom, moet hy kan teruggee wat hy ontvang het, maar hy het verkeerd oor die toekoms gedink.

Vandag!

Daar is maar net een manier om oor die toekoms te dink. Dit is deur **elke dag** getrou en gehoorsaam besig te wees met jou talente.

Jy is mens van vandag. God laat jou **vandag** lewe met 'n opdrag vir vandag. Natuurlik moet jy rekening hou met **môre**, maar dit doen jy deur juis vandag getrou te wees in jou roeping.

As jy **vandag** getrou is met jou gawes en talente, sal jy môre of oormôre, as die dag van afrekening kom, ook gereed wees.

So word jou lewe 'n **voorbereide** lewe. Jou toekoms word dus bepaal — vandag en elke dag. Elke dag het beslissende betekenis — ook vir die man met die een talent.

Die lewe het nie net betekenis vir die hom met vyf talente nie. Die Here vra nie **baie** talente nie. Hy vra net **getrouheid** met dit wat **jy** het.

Hou jy begrafnis?

In God se koninkryk is plek — nie **net** vir die sterkes nie, maar ook vir die invalide en

gebreeklike; nie net vir die gesondes nie — ook die siekekamer is God se werkskamer; nie net vir die welsprekendes nie — ook vir die met min woorde; nie net vir 'n minister wat 'n wet passeer nie — ook vir 'n moeder wat haar kind leer om sy speelgoed op te tel.

Elkeen het sy eie plek en betekenis in God se koninkryk. Niemand en niks is van minder betekenis nie — of dit die vyf-talenter of die een-talenter is. In 'n gebou is dit nie net die pilare wat van belang is nie, maar ook elke balk en spyker.

Elke mens is ingeskakel in God se agenda met hierdie wêreld. As jy jou lewe so sien, kry jy sommer weer lus om iets te doen. Immers, so gesien is daar sin en doel in die lewe. So gesien kom daar weer uitsig en visie op môre; weer doelgerigtheid en koers vir vandag, want ek weet: God gebruik my, ook met my een talent, in sy groot wêreldplan. Hy het my **uitverkies** om in sy diens te staan.

Nou gaan ek nie verder begrafnis hou met my talent nie.

P. W. Bingle.

KAN EK VERTROU ?

Ek hoor jy sê dat jy niemand meer vertrou nie — allermens die kerkmense. Die predikant het jou in die steek gelaat, die ouderling het jou kwaad gemaak, die diaken het jou nie goed behandel nie. Skynbaar vrome lidmate het jou gekul.

Ek gee toe — mense kan jou vertrou grootliks skok — almal is immers sonde. Daar is egter Een op wie mens kan vertrou. Hy laat jou nooit beskaamd staan nie. Dit leer die Bybel ons. Daarvan spreek ook ons eie volksgeskiedenis.

'n Skaapwagter en 'n reus

Ek wil jou herinner aan een van die aangrypendste verhale in die Skrif: Dawid en Goliath.

Goliath, die reus, was vir Dawid as seun, 'n geweldige bedreiging. Menslik gesproke het die jong skaapwagttertjie geen kans gehad teen die ervare reus van 'n krygsman nie, maar Dawid kon sê: “Ek kom na jou in die Naam van die **Here**.”

Jy ken die einde van die verhaal (lees dit gerus maar weer in 1 Samuel 17).

Vyf klippies en 'n slingervel in die hand van die gelowige is veel meer werd as swaarde, skilde en pantsers vir die goddelose.

O, soete Godsbetroue,
welsalig en behoue
wie wegvlug derwaarts heen...
As jy in die Here glo, **kan** jy op Hom vertrou.

Bloedrivier

Terwyl ons in hierdie dae Geloftefees vier, wil ek jou herinner aan 'n onteenseglike bewys in ons volksgeskiedenis dat 'n mens op God kan vertrou.

Probeer die volgende situasie voor jou geestesoo roep:

Duisende barbare belus op bloed en moord — 'n heidense reus.

'n Handjie vol Trekkers — 'n seun, klein en swak MAAR wat vertrou op God en gebonde aan Hom deur 'n gelofte.

God het die oorwinning gegee en ons deur al die gevare staande gehou... tot vandag toe.

Die Reuse van vandag

En ons staan weer voor 'n Bloedrivier.

Ja, groter reuse storm op ons af as die Zoeloe-reus.

Die reus van die Kommunisme wat ons wil verpletter...

Die reus van die Liberalisme wat deur losbandigheid ons volksiel wil verkanker....

Die reus van swart Afrika wat ons handjievol blankes wil uitdelg ...

Die reus van Rooi China wat sy oog vol begeerte rig op ons ruimtes vir sy oortollige miljoene...

Almal onder die aanblasing van Satan wat die Christendom hier te lande wil vernietig.

Die oog na bo

In hierdie omstandighede vra ek jou om, waar jou medemens jou vertrouwe geskok het, tog nie jou vertrouwe in God te verloor nie. As kerkmense jou kwaad aangedoen het, moenie vir die kerk van die Here kwaad wees nie. Wend die oog na bo en sien die grootheid van God en jou eie kleinheid.

As ons almal voor God neerbuig, dan word ons

een in ons kleinheid,
een in gebed,
een in Godsvertroue.

Dan vind ons mekaar, omdat ons God gevind het en kan ons saam met vertrouwe die toekoms tegemoet gaan. Dieselfde God van Dawid, dieselfde God van Bloedrivier is ook nog vandag onse God.

Op **Hom** kán ons vertrou!

W. de Vos.

EK trek aan wat EK wil

Jy het seker die reg om so te sê en so te maak.

Ons woon mos in 'n demokratiese land.

As jy dus voldoen aan sekere wetlike vereistes wat bepaal wat die minimum klere is waarmee jy in die publiek mag verskyn, sal geen geregsdienaar dit waag om jou oor jou kleredrag te vervolg nie.

Maar is dit werklik al wat vir jou van belang is? Het jy miskien al gedink wat die Here van jou kleredrag te sê het en hoe jy moet aantrek om aan sy wil te voldoen? Nee, die Bybel sê nie hoe laag die hals en hoe hoog die soom van jou rok moet wees nie. Tog sê die Here in sy Woord wel iets van ons kleredrag en daaraan moet ons aandag gee.

Skorte?

Ons lees in die Bybel dat Adam en Eva, nadat hulle gesondig het, vyeblare aanmekaar gewerk en vir hulle **skorte** gemaak het — nie rokke nie, maar skorte (Gen. 3:7). Dit was, soos blyk uit die oorspronklike taal, 'n kleed wat slegs van die lende of heupe af ondertoe gestrek het.

In Gen. 3:21 word verklaar dat God self gekom het en hierdie skamele klere van hulle weggeneem het, **rokke** van vel gemaak en Hy het dit self vir hulle aangetrek. In die plek van die skamele skorte van vyeblare gee God aan hulle **rokke** van vel.

Die rokke waarvan hier gespreek word, was, volgens die oorspronklike taal, 'n kleed wat van die hals tot by die knieë of nog laer gestrek het. Watter afleiding moet ons nou uit hierdie optrede van die Here maak? Daar is eintlik net een logiese afleiding en dit is **dat die Here wil dat ons goed en behoorlik geklee moet wees.**

'n Advertensie?

Dat ons nie verkeerd is om hierdie beginsel uit God se optrede teenoor Adam en Eva af te lei nie, blyk uit ander uitsprake in die Skrif, byvoorbeeld uit die woorde van Paulus aan Timoteus as hy oor die klere van die vrou die volgende skryf: "**So moet ook die vrou hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid...**" (I Tim. 2:9).

As ons hierdie woorde van Paulus van naderby gaan beskou en dit ook bekyk in die lig van die reeds gemelde optrede van die Here teenoor Adam en Eva, dan kom ons tot die volgende gevolgtrekking:

Die Here eis in sy Woord van die mens en spesifiek van die vrou dat sy haar liggaam moet bedek met behoorlike kleding wat gekenmerk word deur beskeidenheid en paslike skugterheid waardeur sy haarself nie op die voorgrond dwing of adverteer nie.

Kan jou kleredrag die toets van hierdie beginsel deurstaan? Tog is dit nie al wat die Here oor kleredrag te sê het nie. Gaan lees 'n bietjie aandagtig wat daar in Jesaja 20 geskrywe staan. Daar word gepraat van die naaktheid van Jesaja en dan word dit 'n **smaad** of 'n **skande** genoem. Met naaktheid in hierdie verband word egter nie bedoel dat hy heeltemal sonder klere was nie, maar dat hy slegs in sy onderkleed was wat tog nog die hele liggaam bedek

het. As dit nou vir Jesaja al 'n smaad of 'n skande was waar sy liggaam tog nog heeltemal bedek was, al is dit met sy onderkleed, hoeveel te meer geld dit nie vir mense van ons tyd wat soms met die skamelste kleredrag in die openbaar verskyn nie?

Is jy 'n uithangbord?

Die laaste saak waarop ek jou aandag wil vestig, is dat die liggaam van die gelowige 'n tempel van God en 'n tempel van die Heilige Gees genoem word (I Kor. 3:16, 17 en 6:15-20). Dit is van groot belang. Omdat die liggaam 'n tempel van God genoem word, moet dit ook as sodanig behandel word — ook deur die klere waarmee dit bedek word.

Net so min as wat die tempel van God (die gebou) geadverteer kan word met die uithangborde van 'n ontughuis, net so min kan die tempel van God (die liggaam) geklee word met klere wat pas by 'n ontugtige en derhalwe aanleiding tot onkuise dade, gebare, woorde, luste of gedagtes gee.

Nou wil ek jou vriendelik vra: As jy die mens se kleredrag gaan toets in die lig van hierdie Bybelse beginsels, kan jy nog sê: Ek trek aan wat ek wil?

Ek glo nie.

Sonder om preuts te wees en as verkramp bestempel te word, kan hierdie beginsels jou tog help om jou op 'n smaakvolle, maar ook eerbare wyse, te klee en bowendien ook op 'n wyse wat goed en reg is in die oë van die Here. Dit beteken in verskeie opsigte dat jou klere jou ook sal beskerm.

P. J. de Bruyn.

My nuwejaarsvoornemens

Dis 'n heerlike gevoel: dié nuwejaarsgevoel... so 'n veerligte gevoel... vry van die oujaarlaste van mislukkings, teleurstellings, frustrasies!

Nuwejaar... nuwe ideale, planne, verwagtings! Kan die bekende nuwejaarsvoornemens mens nou verkwalik word? Ek wens ek kon insae kry in u nuwejaarsvoornemens!

Ek is nie 'n persoon met bonatuurlike gawes nie, maar ek is feitlik seker u dink nou: hierdie man soek sommer geselskap. Goed, ek is eerlik. Ek stel nie bloot ter wille van die inhoud daarin belang nie. Nee, ek wil u beter leer ken.

Ontvlugting?

Nou weet ek waarvan ek praat, want ek het myself beter leer ken deur my voornemens vir die Nuwejaar te ontleed. Die resultaat was aanvanklik nie aangenaam nie. Dit het nogal moed gekos om dit te aanvaar, maar dit was die pyn werd. Ek is nou bly oor die pynlike operasie – ja, sommer baie bly en ek skroom nie om die ontleding ook aan u te ontbloot nie!

Ek wil dit nou kort en kragtig aan u stel: ek dink ek was 'n pappbroek-vlugteling. Die ontstellendste van alles: 'n vlugteling na nêrens! Laat ek verduidelik — miskien klink dit vir u glad nie so onbekend nie.

Ek het tot die slotsom gekom dat daar van al my nuwejaarsvoornemens weinig tereg kom. Keer op keer ondervind ek dit. Namate 'n mens met die harde werklikheid van die Nuwejaar kennis maak, krimp my groot planne en ideale tot die beskeie formaat van my beperkte, vreeslik beperkte, vermoëns. Dan is ek maar net mooi terug waar ek die vorige jaar was — vol teleurstellings en frustrasies.

Toe dink ek: waarvoor die sogenoemde voornemens van die Nuwejaar? Wat is daardie opgewonde, oorgehaalde gevoel werd? Net mooi niks! Dit is maar net 'n manier om die werklikheid te ontvlug. Dis maar net 'n vlug na 'n gewaande werklikheid wat nooit werklikheid kan word nie. Die verlede het dan nog altyd die teendeel bewys.

Ai, maar kan dié mooi drome mens dan nie maar gegun word nie — al is dit so van korte duur? Nee, juis omdat dit van korte duur is en die val té hard is wanneer die lugkasteel inmekaar tuimel.

Afskryf... of in die reine bring?

Ek het geleer dat as jy iets wil verwerklik, moet jy bereid wees om die harde werklikheid te aanvaar. Moet dit nie ontvlug nie. Moenie probeer om met die Nuwejaar 'n nuwe blaadjie om te slaan nie. Nee, dra maar gerus die ou jaar se dinge oor na die Nuwejaar. Juis dit sal u help om 'n beter begin te maak in die Nuwejaar. Gaan krap maar weer so 'n bietjie rond in die Oujaar se frustrasies!

Dit kan byvoorbeeld wees dat een van ons nuwejaarsvoornemens is om ons verhoudinge met ons medemense op te knap. Nadere ontleding toon dus in die eerste plek aan dat, in die verlede, ons verhouding tot medemense nie so goed was nie. Nou wil ons dit opknap. Weet u wat sê dit vir my? Daar is sekere dinge in die Oujaar wat nagelaat is en nou moet dit afgeskryf word en blote verbetering in die Nuwejaar moet daarvoor vergoed.

Daar was byvoorbeeld daardie ou vriend wat ek aanstoot gegee het. Ek wou hom so graag om verskoning vra. 'n Paar keer het ek tot by sy deur gestap, maar dan begeef my moed my. Nou wil ek dit maar afskryf as een van die Oujaar se mislukkings. Ek sal hierdie Nuwejaar maar

mooi broodjies by hom bak. My vriend, u weet dit sal nooit deug nie. 'n Mens kan die mooiste broodjies bak, maar die proses van vervreemding het ingetree en sal voortduur indien daardie ou sakie nie reggemaak word nie.

Wat op my lysie van nuwejaarsvoornemens moet staan, is om daardie ou sakie van die Oujaar nou maar in die reïne te bring. As mens dit doen, dan is die fondament van 'n ou vriendskap verstewig en hoef jy jou nie voor te neem "om my verhouding met my medemens in die Nuwejaar op te knap nie."

Waarheen wil ons vlug?

Kom, hoe lyk dit? Is dit onmoontlik — nou selfs nog swaarder as in die Oujaar? Gaan probeer. Dink deur. Daardie bietjie selfvernederings sal u grootste oorwinning wees. U sal in die eerste plek vind dat dit baie makliker gaan as wat u u dit voorgestel het. Tweedens is die resultaat iets heerliks!

Dit laat my wonder. U weet, daar is nog iets anders, iets veel belangriker as menslike vriendskap — ons verhouding met God!

Is daar darem nog by u so 'n voorneme om in die Nuwejaar weer kerk toe te gaan? Nie? Ek begryp u goed. Wat sal die mense van my dink as ek nou weer kerk toe gaan. Nee, ek wil nogal, maar ek kan eenvoudig nie. Dis nou te laat. Bowendien, na alles wat al gebeur het in my lewe, kan ek nou eenvoudig nie. Alles wat die mense weet, alles wat God weet! Hy kan mos nie net aanhou vergewe nie!

U ken mos nog die geskiedenis van Adam en Eva in die paradys. U weet dat hulle gevlug het toe hulle God hoor aankom het? Ek wonder waarheen sou hulle gevlug het as God hulle nie geroep het nie? Ek wonder waarheen wil ons vlug met al ons nuwejaarsvoornemens?

God roep ons net soos Hy Adam geroep het. Hy roep ons terug na Hom. Hy bly ons roep... tot die laaste. Hy word nie moeg nie. Ons sonde is vir Hom nooit te veel nie. As ons maar net luister en kom. Dink maar aan die moordenaar aan die kruis!

Dit wat u nou gelees het, is dit nie ook 'n roep wat u gehoor het nie? Is dit nie vir u 'n bewys dat dit nog nie te laat is nie? Kom nou, laat dit nou nie maar net 'n voorneme wees nie, maar gaan... gaan na die kerk en na God!

G. L. Kruger.

Iets om te onthou

Wie sonder God lewe, is lewendig dood. Op hom of haar is die woorde van Openb. 3:1 van toepassing: "Jy het die naam dat jy lewe en jy is dood".

Wie egter met God lewe, is by en met sy dood nog lewend, want Christus het gesê: "Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe" (Joh. 11:25).

Nooit gedink dit kan met

MY

gebeur nie...

Jy sê jy het nooit gedink dit kan met jou gebeur nie. Ek stem saam. Dit klink amper te goed om waar te wees. Jy kom tog uit 'n goeie huis. Jou ouers is voorbeeldige mense. Jou familie is nie mense vir wie mens jou hoef te skaam nie.

En nou sit jy hulpeloos in die dodelike greep van dwelmmiddels.

Niemand sou dit van jou kon glo as hy nie jou KOMMER verstaan nie

Min mense het geweet van hierdie bekommernis van jou oor die kleinste ou dingetjie.

Min mense het geweet van jou worsteling in die nag.

Min mense het geweet hoe elke werksdag soos 'n berg voor jou gestaan het.

Miskien het jou eie Pa nie eers daarvan geweet nie.

Jy moes dit alleen dra.

En die dwelmmiddels was die vanselfsprekende antwoord.

Dit laat jou weer kans sien vir die lewe.

Dit laat jou lewe... totdat jy lus voel om liewer te sterf... soos nou.

Laat ek jou dit maar sê: miskien het jou eie Pa nie eers geweet van jou KOMMER nie maar in die hemel is daar 'n Vader wat van alles weet – ook van jou – ook van jou kommer. Sy Woord kom sê vir jou: "Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle." (1 Petr. 5 vers 7).

Niemand sou dit van jou kon glo as hy nie jou ANGS verstaan nie

Min mense het geweet van die bang gevoel wat jou oral vergesel en wat jy maar net nie kon afskud nie.

Min mense het geweet hoe jy voortgejaag word deur iets wat jyself nie weet wat dit is nie.

Min mense het geweet hoe **ONSEKER** jy in jou werk voel.

Jy is nooit sonder angs nie.

Die dwelmmiddels het jou laat vergeet... totdat al die angs gelyk op jou toegesak het en jy banger geword het as ooit.

Al het selfs jou eie Pa nie geweet van hierdie angs van jou nie, as jy die Vader in die hemel geken het, sou jy die taal kon praat van hulle wat Hom ken: "Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie. ..." Hebr. 13:6.

Niemand sou dit van jou kon glo as hy nie jou MISLUKKINGS verstaan nie

Min mense het geweet dat jy eintlik niks van jouself dink nie, dat jy besluit het dat jy tot niks

in staat is nie, dat jy 'n opperste pessimis is nie, dat jy die terugslae nie meer kon verdra nie, dat jy jouself verag nie, dat jy die spanning nie meer kon verdra nie. Daarom het jy 'n hulpmiddel gebruik.

Die dwelmmiddels het oor jou 'n gevoel van saligheid laat daal. Die spanning en veragting het verdwyn. Jy het nie meer vir jouself so hopeloos gelyk nie... totdat die skynwêreld rondom jou inmekaar getuimel het en jy die veragtelikste van alle mense voel.

Laat ek jou dit maar sê: dit maak nie saak hoe veragtelik jy voel, of hoe die mense jou verag nie... daar is 'n Vader in die hemel wat jou lewe kosbaar ag. Hy het jou losgekoop met die kosbare bloed van sy Seun, Jesus Christus.

Niemand sou dit van jou kon glo as hy nie verstaan het dat jy 'n ONGELUKKIGE KIND is nie

Jy is ongelukkig.

Jy is soos 'n kind... onvolwasse.

Daarom het jy die uitwerking van dwelmmiddels probeer.

Jy wou onafhanklik wees ... en jy het uitgevind die goed laat jou voel asof jy niemand nodig het nie... totdat jy agterkom het dat jy **slaaf** daarvan geword het.

Dit moet jy weet: 'n ongelukkige kind moet na sy Vader vlug. Ek weet dit is vir jou moeilik om daaroor te praat. Ek weet jy voel nie lus daarvoor nie, maar dit wil ek vir jou sê: daar is vir jou net soveel hoop as vir enigiemand anders.

Vir die Vader in die hemel is niks onmoontlik nie.

J. J. de Jager.

DIE JAAR SPOED TEN EINDE

Dit is al weer Desember. Dit is nog vars in ons geheue hoe ons die ou jaar vaarwel toegeroep het en met baie ideale die nuwe jaar benader het. Alles het so vinnig verbygegaan — teen 'n geweldige spoed. Dit lyk asof die tempo versnel. Die dae gaan vinniger verby; die ure gaan vinniger om; ons lewensjare skiet soos 'n gedagte verby.

'n Mens staan verstom. U vra: waarheen spoed alles heen... waar gaan dit eindig? Ons kan u antwoord. Dit beweeg heen na die krisis van die geloof — die Christelike geloof.

Oënskynlik gaan dit om die bestaansveiligheid van die mens, sy ekonomiese geborgenheid, vreedsame naasbestaan, dekolonialisasie en allerhande wêreld-politiese terme. In wese is dit maar die uiterlike, die sigbare. Alles beweeg rondom een kernpunt – die geloof in Christus Jesus. Die hoogtepunt sal wees met die wederkoms van Christus na die aarde, wanneer hierdie kernvraag uitgemaak word. Daarom kan ons nie wegdoesel in 'n geloofslaap — alles wat die geur van geloof dra met ongeërgdheid van ons afskud en sê: “Ons laat dit aan die mense van die geloof oor.”

Die middelpunt van my aardse lewe draai nie om my salaris, my Desember-vakansie, my kersgeskenke, my werksgeleenthede of my kinders se skolastiese prestasies nie. Hierdie sake weeg nie op teen die dinge waaroor dit gaan nie. My geloof in Christus Jesus staan voorop.

En nou, veral by die wenteling van die jaar, as ons agtertoe en dan vorentoe kyk, roep my gewete my om te kyk waarheen dinge beweeg. Dan hinder die vraag: terwyl die lewe heenspoed na die geloofskrisis, waar gaan dit eindig? So seker as wat die son skyn, ken ek Christus en sy verlossing, of gaan ek nog redeneer oor vreedsame naasbestaan, ekonomiese veiligheid en wêreldvrede?

Ons moet betyds besef dat dit nou reeds gaan om my geloof. Met die toenemende spoed van die tyd kom die toenemende eis: buig neer voor God en pleit om genade van Christus.

J. v. V. du Plessis.